

## 12.4 BESWAARSKRIF AAN NASIONALE SINODE 2006 TEEN DIE GOEDKEURING VAN DIE 1983-VERTALING VAN DIE BYBEL (NAV) VIR KERKLIKE GEBRUIK (Artt 11, 12, 167, 199)

- A. Br GL Erasmus stel die Beswaarskrif.
- B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie Bybelmedia/Vertaling.
- C. Ds BCG Fourie rapporteer namens die Kommissie Bybelmedia/Vertaling.

### D. BESWAARSKRIF

#### 1. Besluite waarteen beswaar gemaak word

(Aanhalings waarteen besware gaan, is kursief weergegee in par 1)

- 1.1 Handelinge van die Nasionale Sinode (HNS) 1970:301 en 302: Die Sinode besluit dat 'n nuwe vertaling onderneem word, wat rekening sal hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydvak en die resultate van wetenskaplike ondersoek, terwyl dit so getrou moontlik aan die grondteks en 'n waardige vertaling sal wees wat ons volk aanspreek binne en buite die kerk, in die erediens en huislike gebruik – *in ons teenwoordige situasie en tyd.*  
As riglyn vir die vertaling besluit die Sinode dat die vertaling so verstaanbaar moontlik moet wees, ook vir jongmense, maar die oorspronklike koloriet moet so ver moontlik behou word, met beklemtoning van die waardigheid van die vertaling. Vertaling is geen parafrase (omskrywing) nie – dit is die werk van kommentare.
- 1.2 HNS 1985:576, 4.2: *Die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel kan naas mekaar deur die kerke gebruik word.*
- 1.3 HNS 1985:593, 2.4.2, pt 1: Die 1983-vertaling vervang nie die 1933/53-vertaling, wat nog steeds 'n geldige en *gelykwaardige* vertaling is nie. (NAV dus gelykwaardig aan OAV.)
- 1.4 HNS 1991:113, 2.1.2.5.1.3: *Binne bogenoemde beginselraamwerk (2.1.2.5.2) kan verskillende vertalings wat in vertalingsdoel van mekaar verskil, gemaak word en naas mekaar bestaan (kyk 2.1.2.4.3).*
- 1.5 HNS 1991:128, 14: *Die Beswaarskrif lewer nie bewys van grondige redes waarom die besluit van 1985, nl “Die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel kan naas mekaar deur die kerke gebruik word” (Acta 1985:576) gerojear of hersien moet word nie. Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.*  
*Besluit: Goedgekeur.*  
(LW: Nie alle punte in hierdie Kandelaar-Gravamen word bespreek nie. Onder Beswaargronde word die spesifieke aspekte in hierdie Rapport aangegee.)

#### 2. Uitgangspunte

Hierdie Beswaarskrif sentreer rondom KO, art 30 aan die hand van Skrif en Belydenis wat die artikel ten grondslag lê.

- 2.1 KO, art 30 lui: “Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by meerdere vergaderings tuishoort.”  
Hier gaan dit hoofsaaklik om die betekenis ‘kerklike sake en kerklike wyse’. Omdat slegs die Bybel die norme en inligting (=openbaring) verskaf vir die ontstaan, bestaan, voortbestaan en werkswyse van die kerk om waarlik kerk van Christus te wees, is dit vanselfsprekend dat ‘kerklike wyse’ beteken ‘ooreenkomstig die Bybel’. Hierdie

basiese beginsel word in ons Belydenisskrifte in (byvoorbeeld) NGB, arts 1-7 verwoord. Indien 'n kerk nie hou by die werkswyse wat die Skrif gee nie, is sy besig met eiewillige godsdienstrydig met KO, art 30.

2.2 Dit is 'n opdrag van God om sake te ondersoek en te evalueer of dit van God is (1 Joh 4:1-3), met die Woord self as rigsnoer in ondersoek en evaluering. Hierin is die Bybel self weer eens duidelik en genoegsaam (NGB, art 7).

Daar is ten minste drie Bybelse toetsbeginsels – en terselfdertyd toets-metodes – waaraan enige saak, alle kerklike sake, en dus ook in besonder vertaling van die Bybel, onderwerp of beoordeel moet word, omdat dit 'n opdrag van God is, ten einde vas te stel of dit betroubaar is – en al drie onderskryf die 9e Gebod:

2.2.1 Ondersoek die geeste, of dit uit God is:

1 Joh 4:1: (Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.

2.2.2 Vrugte moet aan die boom, en bome aan die vrugte beoordeel word:

Ook die teoloog en sy arbeid (vrugte) is hieraan onderworpe. Wetenskap is nie neutraal nie: dit word deur mense met bepaalde oortuigings beoefen. Veelal kom geloofwetenskap teen ongeloofswetenskap te staan. Die God van die Bybel sê:

Matt 7:16-21: (Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekapt en in die vuur gegooi. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken. Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Matt 12:33-37: Julle moet òf die boom goed maak en sy vrugte goed, òf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken. Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorfloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregtig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.

Die 'wetenskaplike' werk van 'n skrifkryger kan en mag nie normatief wees vir die Bybelgelowige nie. Hoogstens mag dit gebruik word soos Paulus in Titus 1:12,13. Vergelyk ook 1 Tim 6:3-5; 2 Joh :9-11.

2.2.3 **Getuies/getuienis moet betroubaar wees** (vgl ook voorgaande par):

(Eks 20:16; Deut 17:6; Matt 18:16; Rut 4:11; Spr 24:28; Hand 1:22, 10:41; 1 Tim 6:12; Joh 5:16-47, 8:16,17): Die wesenskenmerk van meerdere (twee of meer) getuies/getuienis is dat dit eenstemmig moet wees is om betroubaar te kan/mag wees. Onbetroubare getuies/getuienis moet verwerp word.

2.3 **Bybelvertaling is kerkwerk**: Dis aan die gelowiges afsonderlik en aan die kerk as geheel toevertrou en opgedra om die Woord te bewaar en uit te dra, van die groot daad van God te getuig (HNS 1991:111 en 112, 2.1.2.4 & 5). Ook Bybelvertaling kan slegs op rigsnoer van die Skrif self geskied en mag nie volgens die willekeur van mense wees nie. KO, art 30 is hierop gebou en daaraan gebind.

### 3. Formele besware

Die NAV voldoen nie aan die opdrag nie. (Hier moet die finale redaksie [11de uitgawe, tweede druk 1992] van die vertaling beoordeel word.)

3.1 Die opdrag en vertaalbeleid lui: “so getrou moontlik aan die grondteks” waarby ingesluit is

**Die oorspronklike koloriet moet so ver moontlik behou word.**

**Vertaling is geen parafrase (omskrywing) nie – dit is die werk van kommentare** (HNS 1970:302, 3). Hierdie opdrag is nie nagekom nie en ook nie gewysig nie.

Verdere begronding:

3.1.1 **Ongeag watter grondteks gebruik word, word aan getrouheid aan dié teks ingeboet indien te vry vertaal, ontbeeld, die koloriet ingekort, geparafraseer word.** In die Rapport van die Deputate vir Bybelvertaling (DvB) klink hierdie besware soos ‘n refrein op – en die oorgrote voorbeelde waarvoor beswaar gemaak is, is in die eindredaksie (1992) behou:

- (a) HNS 1976:563, 3.2: Die vertaling neig egter op plekke om te weinig digterlik en te vry te wees. Daardeur word te ver van die Bybel se eie seggingswyse weggegaan. Dit neig ook te veel na parafrasering. Volgens die riglyne in hierdie Rapport par 3.4, is dit ook strydig met
- (b) HNS 1979:414, 3.2.3(ii); p416-7, 4.2.2(iii), (iv), (v); p418, 4.2.3(vii); met Bylae 1, 2 en 3 p424-438. [Ofskoon op p415, 4.2.2(i) al het die beswaar teen parafrasering skynbaar verval, word dit deurgaans verder in die Rapport gehandhaaf.]
- (c) HNS 1982:643, 3.2.2.3; p644, 4.4 & 5.
- (d) HNS 1985:572, 2.6.2 en 2.6.3. Die Ongepubliseerde Bylae was soek.
- (e) HNS 1988:712-714, 2.1.5.2; 2.1.6.1. Die Bylae was nie beskikbaar nie.
- (f) HNS 1991:106, 2.1.6 erken ontbeelding en ontoëtiesing, maar as ‘n gevolg van die D-E-vertaalmetode toelaatbaar.
- (g) Die weglating van die woorde “so getrou moontlik aan die grondteks” in die voorwoord van die tweede redaksie 1992, soos ook in “Herformulerings” weergegee is, is die finale bevestiging dat die vertaling nie getrou is aan die grondteks nie.

3.1.2 **Die besluit tot ‘n formeel-korresponderende vertaling op die Nasionale Sinode 1991, is ‘n bewys dat die NAV nie aan die opdrag van 1970 voldoen het nie.** (Kyk ook HNS 1994:124, 2.1.30.)

Hierdie besluit is geneem nadat dit duidelik geword het dat nie aan die oorspronklike opdrag voldoen sou word nie.

Die besluit van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) teen ‘n formeel-korresponderende vertaling (*Die Beeld*, 12 April 2002; *Die Kerkblad*, 16 Junie 2002) bewys eweneens dat nie volgens Sinodebesluite gehandel word nie, afgesien daarvan dat dit bewys dat die Gereformeerde kerke aktief hul verantwoordelikheid om die Woord van God te bewaar, aan ‘n buite-kerklike organisasie oorgedra het (vgl par 4.6).

Dit is die uitgesproke beleid van die UBS dat finansiële voorkeur gegee word aan D-E-vertalings: dus ‘n vooroordeel teen letterlikheid van ‘n bevooroordeelde skrifkritiese organisasie waarvan BSA lid is (vgl par 4.6.3).

3.2 **Die Name van God in die OT moet onderskeidend vertaal word.** (HNS 1982:642, 2.2.5.6; HNS 1985:582; HNS 1991:110, 2.1.9.1.1.3; p114, par 2; HNS 1994:122 & 123, 2.1.2; p124, art 2.1.2).

Hieraan is nie voldoen nie. Die DvB het reeds in 1991 gewet dat die NAV sy finale redaksie ondergaan het.

3.3 **Aanvanklik het die Sinode besluit dat die Griekse teks van die United Bible Societies (UBS-2) gebruik word** (HNS 1970:304) **en later ook die UBS-3** wat in 1975 verskyn het. Afgesien van die tekstkritiese apparaat, stem laasgenoemde

grondteks ooreen met die 26ste uitgawe van Nestle-Aland. Daar is afgesien van die Textus Receptus (TR) wat vir die 1933/53 Vertaling gebruik is. Op die Sinode van 1979 het die DvB 'n "Memorandum oor die hantering van UBS-teks deur vertalers van die Blye boodskap" voorgelê (HNS 1979:439-). Op grond hiervan is besluit dat geen bepaalde teks nie, maar die beste gebruik moet word en die TR nie buite rekening gelaat moet word nie.

In die praktyk is die UBS-2&3 byna deurgaans vir die NAV gebruik soos 'n vergelyking van die Blye Boodskap met die 1992-NAV in teks en voetnotas duidelik uitwys. (Sien ook "Herformulerings" van die BSA..)

#### **4. Prinsipiële besware**

##### **4.1 Onskriftuurlike Vertaalbeleid**

###### **4.1.1 Die eenheid van die Bybel in die OT en NT word misken, strydig met oa 2**

**Tim 3:16.** Telkens waar die NAV in OT beskuldig word van ontmessianisering, word die volgende tipe argumente ter verskoning of verduideliking aangevoer: "Ons moet daarom nie in hierdie psalms dadelik 'n voorspelling van Christus sien nie, maar weet dat dit 'n latere interpretasie is van die eerste Christene waarin ons vandag natuurlik mag deel" (BiP p756). "Ons kan egter nie uit die Psalms direkte voorspellings oor Christus aflees nie. Ons moet die psalmbundel as voor-Christelike boek lees. Hier volg 'n lys van vermeende verwysings na Christus in die Psalmboek. *Onthou dit was 'n interpretasie van die eerste Christene ná die dood van Christus*" (BiP p854). Oor Jes 53: "Dikwels word die verwysings na die lyding van 'n onskuldige direk op Christus van toepassing gemaak. Maar hier geld die waarskuwing dat ons nie profetiese uitsprake moet lees as toekomsvoorspelling nie. In die eerste plek moet hierdie gedeelte gelees word binne sy historiese en literêre konteks" (BiP p1039); Die eenheid van die Skrif word verbreek strydig met die Gereformeerde belydenis (NGB, art 4&7). Die uitspraak van die Sinode (HNS 1991:107, 2.1.1.7.1.1.1.1). "Die Ou Testamentiese tekste moet vertaal word soos hulle self verstaan wil word. Die Nuwe Testament praat soms oor 'n Ou-Testamentiese teks vanuit die tyd van vervulling en pas dan die teks op Christus toe. 'n Duidelike voorbeeld is die Immanuelprofesie in Jes 7:14, wat daar op 'n persoon in Jesaja se tyd slaan" (HNS 1991:107, 2.2.2.7.1.1.1.1). Die eenheid van die Skrif word verbreek strydig met die Gereformeerde Belydenis (NGB, art 4&7). Die Christosentriese karakter van die Bybel en die besware dat die NAV die OT ontmessianiseer, trek hierin saam. Dat Christus ook in die OT sentraal staan, is nie 'n Nuwe-Testamentiese afleiding nie, dis 'n godsopenbaring deur Christus self. As Christus in Matt 11:13 en Luk 24:27,44 sê dat die wet, psalms, skrifte en profete na hom heenwys, is dit tog geen interpretasie nie, maar openbaring.

Wanneer kapsie gemaak word teen die ontmessianisering van die OT, is dit dikwels selfs in Gereformeerde kringe die tipe antwoord. Die Reformatoriese uitgangspunte, gebaseer op die Skrif, dat die Bybel Christosentriese is en vanuit hierdie perspektief na die historiese en literêre konteks gekyk word, is omgekeer, die wa voor die perde gespan. Christus se eie gebruik van hierdie Skrifgedeeltes en ook op Homself toegepas, word nie as deurslaggewend en primêr geag nie. Vgl ook die uitsprake van Christus in oa Matt 21:42-vv; 22:29; 42-25; 26:56; Luk 24:25, 26, 44; Joh 5:39-vv; 21:35. Christus is tog immers die Woord (OT) wat Vlees geword het Joh 1:1-5,14. Christus se woorde is tog nie die interpretasie van 'n Nuwe Testamentiese gelowige nie!

Verbondsterminologie wat onwelkom is in nuwe Bybelvertaling van Bybelgenootskappe, neem deel aan die skeiding tussen die OT en NT (kyk Bylae A)

- 4.1.2 **Ook die Godheid van Christus word in die NAV grootliks in vertaling verbloem, verander, misken of wegvertaal.** Heelwat van hierdie aspekte kan na die gebruikte grondteks herlei word en dié weer na die gnostiese en helenistiese skrifgeleerdes van die eerste drie eeue nC wat in hoofsaak verantwoordelik was vir die manuskripte waarop die gebruikte grondteks so swaar steun (kyk Bylae B).
- 4.1.3 Die vertalers gaan in die praktyk uit van die standpunt dat Messiaanse uitsprake van die OT in werklikheid Nuwe Testamentiese interpretasies is en dus nie Messiaans vertaal moet word nie. Die Messiaanse is tog die primêre betekenisinhoud, nie die moontlike vervulling in die OT nie (kyk Bylae C vir dokumentasie).
- 4.1.4 **Verbondsterme is die baba wat saam met die badwater van “teologies-tegniese, tradisioneel-kerklike begrippe” (HNS 1973:541, 2.(ii)) moet verdwyn.** Daarmee saam is meestal ook die begrip ‘verbond’ en wat daarmee saamgaan of waaruit dit stam verwyder. Dit pas die kraam van die Arminiane (kyk Bylae D vir verdere voorbeelde). Ook Christus se wesenskenmerke – Sy ‘Ek is’ uitsprake – word meestal met handeling vervang, bv “ek is die brood wat lewe gee” in Joh 6:35.

## 4.2 Die D-E-vertaalmetode is prinsipiële onbybels/onskriftuurlik

- 4.2.1 **Daar is geen Skriftuurlike begroning vir die vertaling van die Bybel anders as konkordant nie.** Betroubare weergawe van elke woord van God in vertaling kan dus die enigste hoofdoelwit van vertaling van die Bybel wees.

In eksegese word telkens op die bepaalde woord en woorde ingegaan om die betekenis van die sin of perikoop reg te verstaan. Volgens die opdrag van God aan sy gelowiges, moet die woord(e) van God verkondig word. Dit is sekerlik nie toevallig dat hierdie betroubare verkondiging dwarsdeur die Bybel aan die woord “woord” gekoppel word nie. Só haal Jesus ook uit die OT aan as Hy aan Satan sê: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan (Matt 4:4).

Die klem val tov die NAV telkens op die verstaanbaarheid (HNS 1991:124, 9.2.2) in plaas van die betroubaarheid van getuienis. Die leser mag wel verstaan wat gelees word, maar dit beteken nie noodwendig dat dit ‘n betroubare weergawe is nie. “Wat mens as belangrik behoort te tref, is dat die NT meermale verwys na die letterlike vorm van die Ou Testamentiese woord (bv Matt 22:45; Gal 3:16; Joh 10:34). Hierdie ware appèl op die woorde van die Skrif vereis ‘n vertaling wat die woorde so getrou moontlik weergee. Om die belangrikheid van die vorm van ‘n vertaling te handhaaf, is dit noodsaaklik om die oortuiging dat die vorm van die oorspronklike teks nie deur die wil van ‘n mens tot stand gekom het nie, maar dat die heilige mense van God gespreek het soos hulle deur die Heilige Gees beweeg is” (Van Bruggen, *Future of the Bible*, p110) “*A translation has authority only to the degree that it transmits the revelation accurately and completely. Thus, the authority of the original is transmitted by the translation.. Nevertheless, a translation of the Bible ought to have authority. Even theologians nearly all read the Bible in translation, even though many also consult the Greek or Hebrew text. The translation, therefore, ought to function like the original Word of God. Every step ought to function like the original Word of God.. But nothing is more damaging to*

*the authority of Scripture than for readers to think, 'It is only a translation, tomorrow there will be a different one'* (Van Bruggen, *The Future of the Bible*, p135, 136).

Christus self sê dat geen jota of titel van die wet verby sal gaan nie (Matt 5:18). Die hele Bybel word as wet beskou, Hy het getuig dat die hele Bybel van Hom getuig. Die Sinode het tereg reeds ter aanvang bepaal dat die vertaling getrou aan die grondteks moet wees, terwyl parafrasering – wat die DE- metode in wese is – die taak van kommentare is. Die Bybel is aan die gelowiges gegee om te verkondig. Wat verkondig moet word, het God in die Bybel met bepaalde woorde volgens Sy almag bewoord soos Hy die beste weet (vgl ook par 4.2.2.3).

Alle ander vertalings met 'n ander doel, is geen vertaling nie, maar een of ander vorm van parafrase. Polities-korrek, geslags-korrek; vir die vroue; vir kinders ens word dan almal Bybels!

4.2.2 **Die uitgangspunte van die D-E-metode is onskriftuurlik** (kyk Bylaes E,F,G, en M vir uitgebreide dokumentasie).

4.2.2.1 **Een basiese uitgangspunt/praktyk van die D-E-metode is dat die bepaalde grondteks ontleed en vertolk word en die vertolking dan in die ontvangertaal weergegee word.** Ofskoon dit nie noodwendig tot foutiewe vertolkende vertaling lei nie, is die groot mate van subjektiwiteit juis die oorsaak van talle afwykings van die grondteks. Onafwendbaar lei dit tot (onaanvaarbare) vrye vertaling, ontbeelding, verlies aan koloriet, ontpoëtisering, maar veral tot eensydige verklaring wat ander of breër verklaring in die vertaling uitsluit. In Rapporten van die DvB word telkens afwysend na sodanige afwykings verwys. Die uitspraak van die Sinode 1991 oor die beswaar Die Kandelelaar dat die vertaalmetode nie die betekenis van die grondteks verander nie (HNS 1991:118, 2.3), is strydig met die rapporte van die DvB sedert 1976 (HNS 1976:563, 3.2.3.4; 1979:414, 3.1.3ii; 1982:641, 2.2.5.4; 1985:572, 2.1.6) wat telkens aanvaar is, wel tong in die kies van kennis geneem is in HNS 1991:106, 2.1.6 (Bylae E).

4.2.2.2 **Die D-E-vertaalmetode gaan uit van die uitgangspunt dat vertolking mag, dat dit 'n reg is, dat interpretasie kan verskil.** In *Die Kerkblad* van 23 September 1998 (prof LF Schulze p14 en 16, Des 1998:23) blyk dat daar verskil is tussen verklaring as nederige buig onder die Woord en Heilige Gees om die betekenis in eksegeese te verkry, en die soeke na betekenis deur vertolking of interpretasie – laasgenoemde as uitvloeisel van modernistiese uitgangspunte van die onduidelike Bybel strydig met ons Gereformeerde Belydenis in NGB, art 7. Vertolking of interpretasie van die Bybel is selfs onreinheid wat van die mens uitgaan (Matt 15:1-20). Om die Bybel te 'vertaal' volgens die D-E-metode is dus onskriftuurlik in uitgangspunt.

4.2.2.3 **Die D-E-metode verwar inspirasie met vertaling.** Hulle reken dat God geskryf het om verstaan te word en God sy Woord vir 'n spesifieke kultuur aangepas het. Wanneer modernistiese vertalers dit vandag doen, veronderstel hulle dat hulle maar net God se voorbeeld navolg. Hulle ignoreer die woorde van Petrus: "Aan hulle [profete] is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is – dinge waarin die engele begerig is om in te sien" (1 Pet 1:12).

4.2.2.4 **Die D-E-metode gaan uit van die standpunt dat die Bybel 'n bloot menslike geskrif** wat soos enige ander geskrif ontleed kan word **is en ontken daardeur die bonatuurlike oorsprong en wese van die Bybel.** Dit misken die belydenis

volgens 2 Pet 1:19-21 dat die Bybel deur die Heilige Gees uitgeasem is. Vers 21 lees: “Want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe het die heilige mense van God gespreek.” En ook spreek Paulus in 2 Tim 3:16: “Die hele Skrif is deur God ingegee (uitgeasem).” Die modernistiese uitdrukking: “Die bedoeling van die skrywer” ipv die openbaring van die Skrywer, beklemtoon hierdie tendens om die Bybel ‘n menslike geskrif te maak.

Dit is God se Boek, nie die mens s’n nie. Paulus het verklaar dat die wysheid van bo kom: “Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes, maar ‘n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers, wat vergaan nie. Maar ons spreek die wysheid van God, *wat bestaan* in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlijkheid. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar” (1 Kor 2:6,7,10a).

God is die bepaler van die geskiedenis; Hy beskik oor alle volke en bepaal hulle grense (Hand 17:26). Hy word nie deur ‘n sekere volk en sy kultuur onkant betrap nie. Hy het vooraf bepaal dat sy Woord deur die betrokke tale (Grieks en Hebreeus) en kulture gedra sal word. Vir Hom was hulle die geskikte voertuie daarvoor. In die OT was die volk Israel die draer en in die NT het die Nuwe Testamentiese Kerk die opdrag om sy Woord waarheidsgetrou en deur vertaling deur te gee (Hand 1:8). **“Therefore, the cultural terminology of the Bible is not incidental to the communication of God’s Word; it is essential for such communication.”** (Cloud, D-E,s.a.:15)

Desiderius Erasmus het al gepleit vir ‘n Christelike Latyn en nie vir die heidense Latyn van bv Cicero nie. As voorbeeld neem hy die volgende geloofsbelydenis: “Jesus Christus, Woord en Seun van die ewige Vader, het volgens die profete in die wêreld gekom en mens geword. Uit eie vrye wil het Hy Homself in die dood oorgegee om sy Kerk te verlos... sodat ons ná hierdie lewe die koninkryk van die hemele kan verkry.”

Hy vra wat van die voorgaande Christelike belydenis sou word as dit in die Ciceroniaanse heidense Latyn geskryf sou word en vertaal dit as voorbeeld (volgens die D-E-vertaalmetode) in Ciceroniaanse Latyn – d.w.s. in die taal en idioom van die volk en vir die volk maklik verstaanbaar.

“Die Uitlêer en Seun van Jupiter Optimus Maximus, redder en koning volgens die antwoord van die waarsêers, het van Olympus afgekom na die aarde, ‘n menslike vorm aangeneem en homself vrywilliglik aan die duisternis oorgelewer vir die voorspoed van die republiek... sodat ons ná hierdie lewe die geselskap van die onsterflike gode mag geniet” (Bainton,1969:204/5,208).

Sou die modernistiese vertalers vandag hierdie Ciceroniaanse belydenis as ‘n ware Bybelse belydenis aanvaar? Ek glo nie. Nogtans doen hulle dieselfde met hul modernistiese Bybelvertalings – “vir die volk in die taal van die volk”!!

Na aanleiding van hierdie ernstige probleem vra Bainton: As die Christendom ‘n nuwe heidense kultuur oorneem moet dit die inheemse woorde oorneem en met Christelike inhoud vul, of moet uitheemse woorde, wat die regte inhoud het, ingevoer word? Want die uitheemse woorde mag onverstaanbaar wees en die inheemse woorde kan hulle vorige (heidense) inhoud bly behou. Die gevaar was baie wesenlik in die vroeë kerk toe die heidendom nog springlewendig was. Desondanks het die mense van die 16de eeu (net soos die modernistiese vertaler vandag) gedink dis onskadelik. **Maar Erasmus was glad nie so seker daarvan**

**dat die heidense woorde nie heidense gedagtes sou voortbring nie.** “Want” vra hy, “as mens van geloof kan spreek as niks anders as oorreding en van genade as niks meer as goedheid nie, is ‘n mens dan regtig deur die vinger van God aangeraak?” (Bainton, 1969:209).

4.2.2.5 **Die D-E-metode verwar geestelike verligting met natuurlike begrip.** Geestelike blindheid en nie kulturele onkunde of gebrek aan literêre opvoeding nie is die oorsaak van die mens se onvermoë om die Woord van God te verstaan. Jode in wie se kultuur die Bybel geskryf is, het die Skrifte verwerp en heidene uit ‘n ander kultuur het dit aanvaar (Hand 13:44-48). Oor die toepassing van die DE-vertaalmetode skryf Van der Maas: “Die verskil tussen inspirasie (van die skrywers) en verligting (nodig by die leser om die Woord te kan begryp) moet dan ook ontken word, wat ten diepste beteken dat wat die teoloog vandag sê, dieselfde gesag kan hê as wat die Bybel vroeër gesê het. **Hier word iets van die antichristelike karakter van hierdie metode sigbaar. Die mens wil dieselfde gesag as die Woord van God hê.**”

4.2.2.6 **Die D-E-metode onderskryf in aansluiting by die vorige paragraaf, die basiese uitgangspunt van die kommunikasie-wetenskap:** “Meanings are in people, not in words”. Dit is strydig met die getuigenis van die Skrif self hierbo en misken dat God met bepaalde woorde vir alle tye Sy betekenis (meanings) aan mense bekend maak. Vir die D-E-vertaler is dit nie God wat spreek nie, maar word die outeur ‘n Bybelskrywer wat binne sy beperkings van die taal en agtergrond oor God skryf aan mense met hul eie beperkende taal en agtergrond. Effektief beteken dit dat die mens betekenis aan die woord van God moet ontworstel, nie dat God aan die mens openbaar wat Hy wel en wil openbaar nie. Die vertaler wil doen wat die Gees doen, terwyl God beveel dat die Evangelie deur die lewende verkondiging uitgebrei moet word.

Voorgaande 2 paragrawe het Remonstrantse onderbou. Die mens kom self tot ontdekking van die Skrifwaarhede, dit kom nie as openbaring van God nie (Fil 1:6; 2:13). (Kyk Bylae F.)

4.2.2.7 Voorgaande paragrawe is die uitgesproke doel van die moderne vertaalwetenskap met die D-E-metode as banier, **om by die hoorder/leser in die ontvangertaal dieselfde reaksie te ontlok as by die oorspronklike hoorder.** Hierdie doel is aanmatigend. Op geen wyse kan die vertaler daarop aanspraak daarop maak dat hy die reaksie van die oorspronklike hoorder kan bepaal nie. Andersyds is die reaksie van die hoorder – toe en nou – variërend soos bv in Hand 2:13 en 37 duidelik is. Dit is duidelik dat in die doeltaalgerigte metode die vertaler die werk van die Heilige Gees wil oorneem, want hy “...probeer om met sy vertaling dieselfde reaksie by sy leser te ontlok as wat die oorspronklike leser in die brontaal by die lees van die teks ervaar het” (Botha, OET, 1986:147). Die reaksie van die “oorspronklike leser” of “hoorder” was beslis nie altyd positief nie: toe Jehúdi die boekrol van Jeremia vir koning Jojakim voorlees, het hy dit stuk-vir-stuk in die vuurpan verbrand (Jer 36:21-23). ‘n Voorbeeld uit die NT: Die Here Jesus was ware mens en het in menslike taal woorde wat van die hemel is gespreek en het die Vader aan ons openbaar. Maar sy woorde was uit pas met die kulturele siening van dié tyd. Die mense het goed verstaan dat Hy Homself God genoem het, maar hulle het geweier om dit te aanvaar en geskree: “Kruisig Hom!” (Mark 15:13).



Watter van hierdie reaksies wil die modernistiese vertaler uitlok? Die 1933-Afrikaanse vertaling en ander Reformatoriese vertalings lok tans dié soort reaksie uit, want dit word ook deur teoloë en die massas gekruisig en geminag.

4.2.2.8 **Die D-E-metode probeer die onmoontlike.** Hulle beweer dat die presiese betekenis van die oorspronklike weergegee word terwyl hulle in werklikheid groot aanpassings toelaat in die taal en kultuur waarin vertaal word.

4.2.2.9 **Die D-E-metode ignoreer die verbod tot byvoeging en weglating uit God se Woord** (Op 22:18-19; Spr 30:5-6; Jer 26:2; Deut 4:2; Es 3:10-11).

**Dit vervang God se Woorde vir mensegedagtes: lam word seal pup/Cock; Son of man word older brother; bloed word death/man of verantwoordelik hou** (Rom 3:25, TEV; NAV Matt 27:4; Hand 5:28). **Geregverdig in sy bloed** word **versoeningsdood** (NAV Rom 5:9); **geregtigheid** word **vryspraak** (Rom 3:26, NAV); **toorn** word **straf** (NAV Rom 5:9) ens (vgl par 4.1.2 en Bylae D).

Weglatings en byvoegings – strydig met die verbod van die Here – is dus algemeen. Daarom word in kommentare algemeen verwys na die (teen-belydenis uitspraak: “Die bedoeling van die skrywer” (ipv Skrywer).

4.3 **Die vader van die D-E-metode, Eugene Nida**, en die meeste van sy nalopers, is nie die Gereformeerde Belydenis en Skrifbeskouing toegedaan nie, is selfs vyandig daarteenoor, nogtans word die vrug van hulle arbeid as goed aangeprys. Die boom en sy vrugte is tog een (par 2.2.2). (Kyk Bylae E vir dokumentasie.) Die D-E-metode is deur ‘n ketter geskep: God sal nie SY WAARHEID deur ‘n ketter vir ons gee nie (Cloud, D-E, s.a.:27-39; Van Bruggen, Future, 1978:79).

“Ons sien dat die aannames van die dinamies-ekivalensie foutief is. Dit is geen wonder nie dat die superstruktuur wat op hierdie foutiewe fondament gebou is, kettters is.” (Cloud, *Dynamic Equivalency: Death Knell of Pure Scripture*, O Timothy, s.a.:17). (Vgl Jes 6:9,10; Matt 13:10,13; 2 Pet .3:16. (Kyk Bylae O vir dokumentasie.)

4.4 **Die gebruikte grondteks vir die NT van die NAV is ‘n onbetroubare getuie**

4.4.1 **Volgens die Voorwoord van die NAV is UBS<sup>3</sup> as grondteks vir die NT gebruik.**

‘n Vergelyking van die NAV met die Good News Bybels, laat in elk geval blyk dat die NAV grootliks die Engelse Good News as handboek gebruik het, of anders moet aanvaar word dat die vertalers van beide wonderbaarlik ooreenstemmend die hoogs subjektiewe D-E-metode toegepas het. Die vertalers beskou in praktyk dus die UBS-grondteks as die beste (vgl par 3.3).

4.4.2 **Die teks van die UBS is hoofsaaklik saamgestel uit onbetroubare manuskripte**, die sogenaamde Alexandryns-Egiptiese familie manuskripte. Die belangrikste hieronder is kodekse **Alef, B, A, C** en **D** (‘n sg Westerse teks) wat as die oudste en betroubaarste waardeer word. Die onbetroubaarheid van hierdie manuskripte, blyk oa uit die volgende: (Bylae G ter motivering en dokumentêre bewys)

(a) Die basis-manuskripte verskil onderling op duisende plekke – dus geen betroubare getuies gereken teen die Bybelse vereistes nie (vgl par 2.2.3). **Alef** en **B** verskil in die evangelies alleen onderling op meer as 3000 plekke, maar word as die beste beskou vanweë hul ouderdom! Oud maak nie betroubaar nie; weerspreek intrinsiek hul waarde as betroubare getuies volgens die norme wat God self aanlê (vgl par 2.3).

- (b) Die kodekse **Alef** en **B** is redaksioneel swak versorg met talle weglatings, herhalings, spelfoute en korreksies wat dit as betroubare getuies diskwalifiseer.
- (c) Hulle verskil nie alleen van die Meerderheid mss nie **maar ook 3 000 keer van mekaar. Die 8000 verskille tussen B en die MT en die 9000 verskille tussen Alef en die MT is nie dieselfde verskille nie.**
- (d) Hoskier teken die verskille tussen **Alef** en **B** in die evangelies so aan: **Mattheüs 656, Markus 567, Lukas 791 en Johannes 1021. Die totaal is 3036** (Grady, 1995:98).
- (e) Wanneer hierdie veranderinge bymekaargetel word, is dit **teenoor die Meerderheid mss omtrent 13 000. Dit beteken gemiddeld twee veranderinge per vers. Saam laat hulle 4000 woorde weg, voeg 2000 by, verplaas 3500 en wysig 2000. Burgon sê dat dit makliker is om twee opeenvolgende verse te vind wat van mekaar verskil as twee wat met mekaar ooreenstem** (Grady, 1995:106).
- (f) In die **Evangelies alleen het B 589 lesings wat op geen ander plek voorkom nie en wat 858 woorde behels. Alef het 1460 sulke enkelvoudige lesings wat 2640 woorde behels** (Burgon, Green, 1990:1:G-41).
- (g) Volgens Burgon is dit makliker om twee agtereenvolgende verse te kry wat verskil, as wat met mekaar ooreenstem..
- (h) Tischendorf en Burgon stem saam dat dieselfde skriptor gedeeltelik aan beide manuskripte geskryf het – dus tydgenootlik is – en tog verskil soos aangedui (Burgon, Revision Revisited, pD-6 in Unholy Hands on the Bible, Green, red. 1990).
- (i) Die manuskripte vertoon baie netjies, maar is redaksioneel swak versorg met talle weglatings, spelfoute en korreksies wat dit as betroubare getuies diskwalifiseer.
- (j) Die manuskripte kom uit 'n klein geografiese gebied en het vir byna 1500 jaar geen erkenning in die Kerk geniet nie.
- (k) Hierdie manuskripte was aan Desiderius Erasmus, Beza, Stefanus en ook die Hervormers soos Calvyn bekend, maar is nie geag nie.
- (l) Dit verteenwoordig 'n familie manuskripte van ongeveer 50 teenoor 'n oorweldigende getal van meer as 5000 van die sg Kerklike teks (ook genoem Meerderheidteks, Bisantynse teks) waarvan die Textus Receptus 'n saamgestelde grondteks is. Hierdie Meerderheidteks-manuskripte kom oor 'n baie wye geografiese gebied voor en dateer van die 4de tot die 12de eeu. Tog verskil dit onderling baie min en getuig daarom van noukeurige transkripsie en betroubaarheid as getuies – en van God se getroue bewaring.
- (m) Foute met oorskryf word as die belangrikste bron van variante lesings veronderstel. Nogtans verskil die min Alexandrynse tekste met hul klein verspreiding onderling baie meer as die Bisantynse met hulle groot geografiese verspreiding. Colwell stem nie saam met W&H se voorveronderstelling nie: **“Die meeste variante lesings in die Nuwe Testament is agv teologiese of dogmatiese redes geskep.** Meeste van die handboeke en handleidings tans in druk **(insluitend myne!)** sal jou vertel dat die variante die vrug van agterlosigheid was wat moontlik was aangesien die boeke van die Nuwe Testament toe nog nie die status van 'Bybel' bereik

het nie. Die teendeel is egter die geval. Dit was omdat dit die godsdienstige skatte van die kerk was dat dit verander is. Die tipe foute wat in afskrifte van die Nuwe Testament voorkom, verskil grootliks van dié in afskrifte van klassieke werke. In die afskrifte van die klassieke werke, is die persentasie variasies groter as dié in die NT. **In die mss van die NT is meeste variasie, glo ek, doelbewus gemaak.**” (Colwell, *What is the Best New Testament?* 1952:53,58 aangehaal Pickering, *Identity*, 1980:42)

(n) Nogtans verskil die min Alexandrynse tekste met hul klein verspreiding in tyd en ruimte onderling baie meer as die talryke Bisantynse met hulle groot verspreiding, geografiese en in tyd. Die groot kenner van manuskripte, Burgon, kon die meeste van die variante waarvan die Alexandrynse manuskripte wemel, na die ketter Marcion en Origenes terugvoer (Bylae G).

(o) Hoe onbetroubaar die verkose manuskripte **Alef** en **B** is asook die ander verkorenes **A**, **C** en **D**, word deur die volgende voorbeeld uit Luk 11:2-4 (die Onse Vader) geïllustreer: (Burgon in *Unholy Hands on the Bible*, Green, 1990:B-42,43).

“An introductory specimen of depravation of the text can be traced to the heretic Marcion’s mutilated recension of S. Luke’s Gospel. We entreat the reader’s attention to the license with which the Lord’s Prayer as given in S. Luke 11:2-4 is exhibited by Codices **Aleph, B, A, C, D**. For every reason one would have expected that so precious a formula would have been found enshrined in the ‘old uncial’ in peculiar safety. Yet the copyists of those codices have not done so with peculiar reverence:

- (a) **D** introduces the Lord’s prayer by interpolations as the following paraphrase of S. Matt 6:7: “*Use not vain repetitions as the rest; for some suppose that they shall be heard by their much speaking. But when you pray*” – after which *portentous exordium*.
- (b) **B, Aleph** (à ) omits the five words . “*Our*”, “*which are in heaven*”,
- (c) **D** omits the article **ōū** before *name*; and supplements the first petition (Afr bede) with the words ‘*upon us*’ – it also transposes the words *Thy kingdom*.
- (d) **B** in turn omits the third petition, “*thy will be done, as in heaven also on the earth*”; which eleven words are retained by **Aleph**, but it adds *so* before *also* and omits the article **ōçò** – in this finding for once an ally in **A,C,D**.
- (e) **Aleph D** write **äüò** for **äéäïō** (from Matthew) [give].
- (f) **Aleph** omits the article **ōū** before *day by day*
- (g) **D**, instead of *day by day* writes *this day* (from Matthew); and substitutes *debts* for *sins* (also from Matt); and in place of *for [we] ourselves* writes *as also we* (again for Matthew).
- (h) **Aleph** shows sympathy with **D** by accepting two-thirds of this last blunder, exhibiting *as also [we] ourselves*.
- (i) **D** consistently reads *our debtors* in place of *every one that is indebted to us*.
- (j) **B** an **Aleph** omits the last petition *but deliver us from evil* – they are unsupported by **A, C** or **D**.

Burgon skryf verder hieroor: “Ons neem nie kleiner teenstrydighede in aanmerking nie. Hierdie vyf kodekse wat as ‘eersteklas outoriteite’ beskryf word, kom in **ses verskillende kombinasies** in die ‘Onse Vader’ voor. Saam vervals die kodekse die Here se gebed in Lukas op nie minder nie as 45

plekke. Hulle kan nooit onderling saamstem aangaande een enkele spesifieke lesing nie. Slegs *een keer* stem meer as twee van hulle saam – en dit by die onwettige weglating van die lidwoord. Elkeen se getuienis staan alleen sonder enige ondersteuning van die ander by 32 van die 45 woorde. Is dit nog nodig om te verklaar dat in elke geval waar hulle alleen staan, hulle valse getuienis gee? Maar die kritici aanvaar die grille van kodeks **B** as evangelie. Behalwe die 11 woorde wat **B** saam met **Alef** weglaat, het Westcott en Hort van die Boek van die Lewe die ander 11 woorde wat net deur **B** weggelaat is ook uitgewis. En só is die verminkte gebed van die Here wat die skalpel van Marcion die ketter ongeveer 1730 jaar gelede gelaat het, deurgegee (want die kwaad kan na hom teruggevoer word). Nou word dit deur die hersieners op die kerk [van Engeland] afgeskuif as die werk van die Heilige Gees! (Burgon, Green 1, Unholy, 1990:B-42, B-43). (Sulke deeglike vergelykingswerk word deur sommige van ons teoloë nie as gesagvol geag nie want hulle noem dit onwetenskaplik.)

Tot sover die getuienis van die gelowige Burgon aangaande die onbetroubaarheid van die getuienis van hierdie kodekse. (Oor Burgon, kyk Bylae H.)

4.4.3 **Die UBS<sup>2</sup> en UBS<sup>3</sup> verskil onderling op meer as 500 plekke** al is albei op basies dieselfde voorkeurmanuskripte gebaseer én deur dieselfde kundiges saamgestel. Hierdie samestellers se tekskeuses is dus hoogs subjektief. Genoemde veranderings van UBS<sup>2</sup> na UBS<sup>3</sup> is nodig geag om ooreen te stem met Nestle-Aland 26 (N-A<sup>26</sup>) wat 760 veranderinge vanaf N-A<sup>25</sup> moes ondergaan om by dieselfde bewoording uit te kom. Die UBS<sup>3</sup> en die N-A<sup>26</sup> is daarom identies. Die N-A GNT “het spoedig ‘n nuwe ‘Textus Receptus’ geword waarteen die ander sak-uitgawes ‘n ondergeskikte rol gespeel het (Voorwoord N-A<sup>26</sup>, 1997:40-42). (Kyk Bylae I vir dokumentasie.)

DA Waite het na ‘n deeglike studie van die N-A<sup>26</sup> uitgawe 5604 veranderinge oor die TR (grondteks vir Reformatoriese vertalings) gevind:

<b>1952</b> weglatings	(35%)
<b>467</b> byvoegings	( 8%)
<b>3185</b> veranderinge	(57%)

By die 5 604 plekke betrokke by die veranderinge is ‘n verdere **4366** woorde betrokke wat die totale aantal Griekse woorde op **9970** te staan bring. Dit beteken dat in ‘n Griekse teks van 647 bladsye gemiddeld 15 woorde per bladsy verander is (Grady, 1995:260,261). Hierdie N-A<sup>26</sup> teks is prakties die UBS<sup>3</sup> waaruit die meeste van die modernistiese vertalings gedoen word. Die meeste veranderinge word nie eens met ‘n voetnoot aangedui nie.

Die basiese teks van die Nestle is op W&H, Tischendorf en Weiss se tekste gegrond. In 1966 produseer die UBS ‘n ander teks wat soms van eg. verskil. Om hierdie konflik op te los is die UBS3 en die N-A26 wat presies ooreenstem in 1975 uitgegee. Hiervoor was dit nodig om omtrent 500 veranderinge vir die UBS3 en 760 veranderinge vir die N-A26 te maak (Green, Unholy, 1992:2:4). Daarom kan die UBS<sup>3</sup> se voorwoord sê dat dieselfde redaksiekomitee die twee eenderse uitgawes versorg het. WN Pickering merk op: “**Dit wil voorkom dat binne drie jaar sonder betekenisvolle vermeerdering van nuwe getuienis, dieselfde groep van 5 geleerdes op meer as 500 plekke [en op 760 plekke in die N-A<sup>26</sup>]**

- van besluit verander het. *It is hard to resist the suspicion that they are guessing.***” (Pickering, Identity, 1980:209).
- Die N-A<sup>26</sup> is ‘n ‘wetenskaplike’ sakformaat-uitgawe. Sy kritiese apparaat sal uitgebrei en verbeter word. Die UBS<sup>3</sup> is ‘n uitgebreider getuienis van ‘n geselekteerde aantal aangehaalde variante (Voorwoord UBS<sup>3</sup>, 1975:iii, ix). Min predikante besit ‘n Textus Receptus en aanvaar hul eie as betroubaar – al is dit ook ‘n kritiese.
- 4.4.4 **Die bedenklike kriteria vir die voorkeur van manuskripte, kom hoofsaaklik van Westcott en Hort wat op hul voorgangers soos Tischendorf, Lachmann en andere voortgebou het.** Hul teorie oor die herkoms en familie-geskiedenis van die manuskripte, kon nog nooit geverifieer word nie en dit is duidelik dat hul resultate gefabriseer is. Metzger erken dit maar aanvaar nogtans hul ‘resultate’. Deurdat genoeg teoloë egter hul teorie nagepraat het, het dit die status van wetenskaplikheid verwerf (kyk Bylaes J en K vir dokumentasie).
- Die weegmetode (kyk Bylae vir eksterne getuienis en Bylae vir interne getuienis) van die tekskritici is bedenklik. Variante lesings (strydig met die Bybelse getrouheid in eenheid van getuienisse) dien as bewys van onafhanklikheid en tel daarom as onafhanklike (goeie?) manuskripte in teksnavorsing. Ooreenstemmende manuskripte soos die Meerderheidtekste waarvan daar duisende oor verskillende eeue en wye geografiese gebied is – word tot een teller – en dan nog ‘n onbetroubare – gereduseer. Dit kom neer op totale onwetenskaplike en onbybelse vooroordeel en diskriminasie. Weersprekende getuienisse word nou as betroubaar waardeer. Westcott en Hort erken self die onbetroubaarheid van die interne getuienis van **intrinsieke waarskynlikheid**: “But in dealing with this kind of evidence, equally competent critics often arrive at contradictory conclusions as to the same variants.” (W&H, Introduction to the New Testament in the Original Greek, 1882:21)
- 4.4.5 **Die advokate vir die voorkeur van die Alexandryse manuskripte, was skrifkrities ingestel.** Die bekendste hieronder, Westcott en Hort, was daarby vyande van die TR, okkultiste, Maria-vereerders, aanhangers van die ketter Origenes – wat hulle ook in ere wou herstel – samesweerders in die geheim vir die invoering van hul eie GNT gebaseer op die Alexandryse manuskripte vir die vertaling van die Revised Version (1881) om die King James te vervang . Ons mag nie die vrugte van sulke slegte bome en hul ‘wetenskaplike’ metodes as goed aanprys nie en aanvaar nie (Bylae L verskaf dokumentasie).
- 4.4.6 **Die samestellers van die UBS-2 en -3 is eweneens skrifkrities ingestel, selfs al aanvaar sommige soos Metzger dat die teorie van Westcott en Hort onder verdenking is.** Hierdie geleerdes is nie die Gereformeerde Skrifbeskouing toegedaan nie, verteenwoordig ‘n wye spektrum van geleerdes waaronder ‘n Rooms katoliek en is dus onbetroubaar as getuies van die ware Woord van God waarvoor hulle kennelik nie groot ontsag het nie (kyk Bylae M vir dokumentasie).
- 4.5 **Die woorde: “in ons teenwoordige situasie en tyd” (par 1.1) is ‘n onbybelse uitgangspunt en is strydig met die Gereformeerde Belydenis in NGB, art 7** wat lees: “...Ons mag ook geen geskifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons die gewoonte of die groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles...” (kyk Bylae N).

## Motivering

4.5.1 **God spreek deur die Bybel self tot alle mense, in alle omstandighede en te alle tye.** Die teenwoordige situasie en tyd bepaal nie – en kan en mag ook nie – die inhoud van die woord van God in grondteks of vertaling bepaal of beïnvloed nie, maar die inhoud self. 1 Pet 1:10-12: “Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlijkheid daarna. Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is – dinge waarin die engele begerig is om in te sien.” NGB, art 7 beklemtoon die volkomenheid van die heilige Skrif om alleen die reël van die geloof te wees en hierin is die Skrif nie tydgebonde nie. “Situasie en tyd” kan/mag nie die inhoud (laat) verander nie. Die feit dat spesifieke openbaringe van sê 200 jaar gelede vanweë ander omstandighede anders beklemtoon is as vandag, regverdig nie die beklemtoning vir vandag as eenduidig nie – dieselfde Woord het toe en nou tot die mens en die gelowige gespreek, openbarend getuig. Uit dieselfde skat kom ou en nuwe dinge (Matt 13:52).

Die bewoording laat dus ruimte vir die sogenaamde situasie-etiek, strydig met die Belydenis (vgl ook volgende par 4.5.2).

Die primêre doel met ‘n Bybelvertaling is en moet wees om die Woord van God getrou, betroubaar en volkome in die teikentaal weer te gee. Hierdie woord is nie tydgebonde nie maar ewig, onveranderlik (Ps 119:89, 114,160; Matt 5:18; 24:35; Luk 21:33; NGB, artt 2 en 7: “want die waarheid is bo alles – of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone,..” ook in vertaling).

4.5.2 **Dat die ‘teenwoordige situasie en tyd’ wel invloed op die vertaling gehad het,** word duidelik in die vertaling van slegs enkele voorbeelde, soos Gen 1:26, 27; 2:8, 17,18; 3:22 (kyk ook Bylae N).

(a) Gen 1:26, 27. Die mens kry ‘n ander/nuwe status as ‘verteenwoordiger’ van God, in plaas van ‘gelykenis’ ooreenkomstig Ef 4:24 (HK, v/a 6). Dis in ooreenstemming met die moderne begrippe oor die mens as verteenwoordiger wat namens God optree op aarde, in plaas van toegerus om sy roeping te vervul ooreenkomstig God se opdragte. Hiermee is tegelyk ‘n wesens-eienskap van die geskape mens vervang met ‘n funksie wat nie in die oorspronklike staan nie. Nuwe vertalings verander dikwels soos hier, ‘n abstrakte begrip na ‘n konkrete.

(b) Gen 2:8, 17, 3:22. Die boom van ‘kennis van goed en kwaad’ word nou die boom van ‘alle kennis’. Wat eers normatief (goed en kwaad) was, word nou kwantitatief en in ooreenstemming met modernistiese begrippe dat norme veranderlik en tydgebonde (situasie-afhanklik) is. Goed en kwaad word dus bepaal deur die situasie/tyd.

God het die mens goed geskape, maar in ongehoorsaamheid verkry en verkies hy ook kennis van die kwaad. Deur van die boom van kennis van goed en kwaad te eet, “verwerf” die mens kennis van goed en kwaad. “Alle kennis” is enersyds onmoontlik en andersyds aanmatigend. Die kennis van kwaad, selfs die voorkeur daarvoor, is sekerlik ‘n verlies. Die bewoording van die NAV laat dit eerder na ‘n aanwinst klink (vgl bv Rom 1:18-25). Die vertalers

lê God selfs Satan se leuen in die mond in Gen 3:22: “Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken.”

- (c) Gen 2:18. Eva as Adam se *gelyke* in plaas van *hulp wat by hom pas*, pas by die feminisme en nie by die oorspronklike teks nie. Daar kan nie eens met die beste wensdenkery aangevoer word dat *gelyke* die bedoeling van *hulp wat by hom pas* weergee nie.

4.5.3 **Die klaarblyklike ontmessianisering van die OT en ontgoddeliking van Christus in die NAV (sien par 4.1.3 en 4.1.2) is voorbeelde van die tydsgees oor die miskenning van die Goddelikheid van Christus en die skrifkritiese ontbinding van die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testamente.**

4.5.4 **Die invloed van die ‘teenwoordige situasie en tyd’ op die vertaling, is moontlik die enigste aspek van die opdrag wat uitgevoer is – en dit tot nadeel van die eindresultaat.** Die huidige situasie en tyd hou in dat veral wat die Bybel in vertaling betref, die kos klaar gekou – en soms reeds verteer – aangebied moet word. Dit alleen maak parafrasering (=D-E) noodsaaklik, iets wat telkens deur die Deputate vir Bybelvertaling by Sinodes aangedui en bekla is, en waarvan Sinodes telkens instemmend kennis geneem het. Parafrasering en D-E is wesenlik sinoniem, moet dan soms sg eksplisiet sê wat implisiet in die teks was. Die grote mens weet beter as God!

Die standpunt van die BSA weerspieël dat die tydsgees teen letterlikheid in vertaling gedraai het. Reeds op die Sinode van 1973 (HNS:541) rapporteer die Deputate vir Bybelvertaling: Standpunt van die Bybelgenootskap: “...*dat die Bybelgenootskap nie ‘n vorm-vertaling verlang nie, maar wel ‘n dinamiese, in hedendaagse Afrikaans, ooreenkomstig die besluit wat op 5 Julie 1968 tydens ‘n vertalingseminaar geneem is. Daar moet gestreef word na verstaanbare vertaling, met vermyding van teologies-tegniese, tradisioneel-kerklike begrippe, hoogdrawendheid en letterlikheid. Begrippe soos geregtigheid, goedertierenheid, geregverdig deur die geloof, is in die verband vermeld. Die lang sinne moet opgebreek word in korter sinne en daar moet na eenvoud gestreef word. Daar moet soms eksplisiet gemaak word wat implisiet in die teks is.*”

4.5.5 **Die D-E-vertaalmetode berooft die mens van God se Woord.** Baie woorde word weggelaat of uitgegooi of verander of met die mens se woorde vervang. Wanneer van die beginsel van letterlike vertaling afgewyk word, word die gedagtes van die vertaler en die kultuur en die begrip van die mense, gesagvol, eerder as die werklike Woorde van die Skrif (Bylae E).

**Die D-E-vertaalmetode ignoreer die feit dat die Bybelse taal nie primêr binne ‘n menslike kultuur vasgevang is nie, maar deur God “uitgedem” is** en dit is ook nie altyd maklik om te verstaan nie (2 Pet 1:20,21; 3:16). Dit neem nie die bonatuurlike element in die hele proses van God se openbaring in die oorspronklike én in ‘n getroue vertaling in aanmerking nie.

**Die D-E-vertaalmetode verwar vertaling met parafrasering, evangelisasie en onderrig.** Dit moet maklik verstaanbaar vir jong kinders en ongelowiges wees. Dit is die werk van die ouer, onderwyser en sendeling of van kommentare en voetnote om moeilike dele te verduidelik, nie van ‘n vertaler nie.

**Die D-E-vertaalmetode maak dat die Bybel konformeer in plaas daarvan dat dit die heidense kultuur konfronteer.** Hulle het hulself losgemaak van die noukeurigheid van die oorspronklike teks, hulle het geen objektiewe, dogmatiese maatstaf waarop hulle hul vertalingsbesluite kan grond nie.

4.6 **Die GKSA het in die aanvaarding van die NAV sy verantwoordelikheid, roeping en plig tot bewaring van die ware Woord van God, effektief verteken en aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) oorgedra.**

4.6.1 **Die BSA het besluit oor die vertaalbeleid en vertaalmetode strydig met die besluite van die GKSA** (vgl par 3.1)

4.6.2 **Die GKSA mag sekerlik met ander kerke saamwerk in Bybelvertaling, maar** dan nie só dat hulle die finale seggenskap deur demokratiese oorheersing verloor via die vertaalkommissie van die BSA nie. Dit was basies die geval soos 'n vergelyking van die aanbevelings van die Deputate vir Bybelvertaling (DvB) deur die jare heen en die 90%+ afwesigheid daarvan in die finale redaksie, soos in "Herformulerings" weergegee.

4.6.3 **Die BSA is 'n buite-kerklike organisasie, deel van die United Bible Societies wat die Bybelvertaalarm van die Wêreldraad van Kerke is.** Die BSA het noue bande met die kerke ook met die Roomse.

(a) Hierdie BSA het die finale seggenskap in die vertaling gehad.

(b) Hierdie organisasie het die besluit van die Gereformeerde Kerke tot 'n nuwe konkordante vertaling aanvanklik afgewys.

(c) Hierdie organisasie is 'n filiaal van die United Bible Societies wat op sy beurt weer die Bybelvertalings-arm van die Wêreldraad van Kerke is waarmee die GKSA om prinsipiële redes nie gemoeid wil wees nie.

Die meeste Bybelgenootskappe gee wêreldwyd voorkeur aan D-E-vertalings en finansier selde brontaal-georiënteerde vertalings (Bible Translators, 23, 1972:220).

Die tydsgees het teen letterlikheid gedraai!

4.6.4 **Dat die GKSA en die NGK en NHK – ten spyte van onderskrywing van dieselfde Belydenisskrifte – verskillende begrippe op Skrifbeskouing, Skrifgesag, Skrifuitleg en binding aan die Belydenisskrifte daarop nahou,** blyk uit die Rapporte van die Deputate vir gesprek met die NG- en NH-Kerke. Rapporte van genoemde Kommissie en Deputate deur die jare laat dit soos 'n refrein opklink. Eufemisties word genoemde verskille tans genoem: "Verskille wat eenwording kan verhinder", terwyl die verskille hierdie kerke reeds etlike dekades verwyder, maar nou op geskiedenisverloop afgewentel word.

In die vertalingskommissie van die NAV waarin genoemde "susterskerke" demokraties oorheers, sal dit naïef wees om te dink dat byvoorbeeld Skrifbeskouing nie in vertaling neerslag sal vind nie. "Die algemene rasionaal, wat op heelwat navorsingsbevindings berus (Zaltsman *et al.*, 1977:95-96), is dat deelname weerstand verminder, ondersteuning versterk en in belang van voortdurendheid van verandering noodsaaklik is". (Verslag van die werkkomitee Vernuwingsstrategieë in die Onderwys, 1981:75, 3.4.2). Die verflouing van die aanvanklike heftige besware teen die Blye Boodskap tot latere instemming, is hiervan 'n sprekende bewys, ten spyte daarvan dat die sake waarvoor verskil is, baie min verander het tot met die finale 1992-redaksie van die NAV. Dit klink soos die bekende: "If you can't win them, join them". **Nie konsensus nie, maar waarheid volgens die Bybel is bindend.**

4.7 Beswaar oor par 1.5. Die aanvaarde stelling: **"Die Gereformeerde kerke het nog nooit 'n enkele Bybelvertaling "gekanoniseer" deur dit as die enigste moontlike vertaling te aanvaar nie. Die Sinode het hom daarvan weerhou om die vertaling te aanvaar, goed te keur of te sanksioneer. Vertaling is immers mensewerk en daarom altyd aan hersiening onderhewig (Acta 1985:575, 3.2.1.2)" (HNS 1991:124, 9.2.1):** is ongeloofstaal en strydig met alle aksiomas



betreffende die bewoording **Woord van God** waar bv in die erediens die Afrikaanse vertaling voorgelees word met die aanhef: “Ons lees nou uit die Woord van God....”, is dit òf ‘n leuen òf onkunde oor die waarheid.

Die standpunt van die Bybelgenootskap is: “...dat die Bybelgenootskap nie ‘n vormvertaling verlang nie, maar wel ‘n dinamiese, in hedendaagse Afrikaans, ooreenkomstig die besluit wat op 5 Julie 1968 tydens ‘n vertaling-seminaar geneem is. Daar moet gestreef word na verstaanbare vertaling, met vermyding van teologies-tegniese, tradisioneel-kerklike begrippe, hoogdrawendheid en letterlikheid. Begrippe soos geregtigheid, goedertierenheid, geregverdig deur die geloof, is in die verband vermeld. Die lang sinne moet opgebreek word in korter sinne en daar moet na eenvoud gestreef word. Daar moet soms eksplisiet gemaak word wat implisiet in die teks is” (HNS 1973:541, 2.(ii)). Deur die aanvaarding van die eindprodukt, onderskryf die GKSA hierdie vertaalmetode ongeag hul besluit daarteen in die Rapporte van die DvB (vgl par 4.6.1).

4.7.1 **Aanvaarding van beide die 1933/53-vertaling en die 1983-vertaling vir kerklike gebruik, word hiermee ontken**, aangesien die 1985-besluit lui: “Die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel kan naas mekaar deur die kerke gebruik word.” Hierdie speel met woorde pas nie ‘n kerklike vergadering nie. Die Sinode neem immers net besluite oor kerklike sake! (KO, art 30).

4.7.2 **Die Belydenis in NGB, artt 4, 5, 6 en 7 word daarmee alle krag ontnem.** Kanonnisiteit moet tog iewers ‘toegeken’ word. As dit nie in die vertaling – bedoel vir elke gelowige van die bedieningsgroep – gevind kan word nie, dan tog wel in die grondteks. Maar dié grondteks is volgens tekskritici waarskynlik nog vol foute (=nie-kanoniek) en gedurig in hersiening deur die wetenskap van die tekskritiek (eweneens as mensewerk vol foute!) tot herstel na die oorspronklike outograwe. Die outograwe kan nie gesagvol (=kanoniek) as finale gesag gebruik word nie, want dit het verlore geraak! Op hierdie mensgesentreerde onsekerheid van domino-denke moet die gelowige nou sy geloof onwrikbaar stel en bou! Geloof is tog sekerheid (Heb 11:1) in die vaste wete dat God Sy Woord bewaar het, nie ‘n blinde geloof téén ‘wetenskaplike’ onsekerhede in nie.

Teenoor hierdie onsekerheid oor die kanon in vertaling, stel ds Bogerman, voorsitter van die Dordtse Sinode 1618: “ ‘n Sleg vertaalde Woord van God is nie die Woord van God nie, maar van mense” (Totius, Versamelde Werke, 1960:IV p424). En J van Bruggen in *The Future of the Bible*: “ ‘n Vertaling het gesag alleenlik tot dié mate dat dit die openbaring akkuraat en volledig weergee. Só word die gesag van die oorspronklike na die vertaling oorgedra” (p110). En ook: “Dwarsdeur die geskiedenis van Bybelvertaling, of dit Grieks, Latyn of Reformatories was, was daar ‘n neiging vir een vertaling om as die standaard te voorskyn te kom. Dit was nie die resultaat van ‘n debat nie, dit het eenvoudig gebeur” (p54). En verder: “**A translation has authority only to the degree that it transmits the revelation accurately and completely. Thus, the authority of the original is transmitted by the translation. Nevertheless, a translation of the Bible ought to have authority. Even theologians nearly all read the Bible in translation, even though many also consult the Greek or Hebrew text. The translation, therefore, ought to function like the original Word of God. Every step ought to function like the original Word of God. But nothing is more damaging to the authority of Scripture than for readers to think, ‘It is only a translation, tomorrow there will be a different one’**” (p135,136).

- Die 1933/53-vertaling is aksiomaties as Woord van God aanvaar. Die feit dat dit nie deur 'n sinode eksplisiet so besluit is nie, word nou gerieflikheidshalwe aangegryp teen die Beswaarskrif van die Kandelaar. Daarteenoor diskwalifiseer die NAV hom tereg as Woord van God deur die vroeëre bewoording: “Maar wat so getrou moontlik aan die grondteks bly”, in die voorwoord **Aan die Leser** weg te laat (Herformulerings p1).
- 4.7.3 **Die gebrek aan kanonieke gesag wat aan die ter sake vertalings toegewys word, gee aan die drie gereformeerde Belydenisskrifte eintlik meer gesag as aan die vertalings.** Dié dra ten minste gesag omdat dit met die Skrif ooreenkom, terwyl die vertaling geen kanon is nie – volgens die Rapport van Die Kandelaar-Beswaarskrif (HNS 1991:124, 9.2.1). Hiermee ondermyn die Sinode andersyds die gesag van die Belydenisskrifte omdat daar geen kanon is nie.
- 4.7.4 **Die taak van die ouderling om toesig te hou oor die prediking, nl of/dat dit getrou aan die Woord is (ou Bevestigingsformulier vir ouderlinge; NGB, art 30), word met so 'n uitlating nie alleen onmoontlik gemaak of gerelativeer nie, maar is voorbarig.** Dit bring ons terug by Rome, waar net die geestelikes toegang het tot die kanon – wat kanon ook al sou beteken.
- 4.7.5 **Die ‘wetenskaplike’ dog ongelowige beredenering van die Deputate/Sinode ondergrawe die sekerheid van die geloof wat juis in die Belydenisskrifte hierbo genoem, bely word** (glo met die hart en bely met die mond, NGB, 1). As daar geen kanon (betroubare maatstaf) is nie, is almal reg met eie interpretasie. As God nie bedoel wat Hy met Sy Woorde sê nie, word impliseer: **God kan nie. Daarenteen kan die mens** – eintlik die kundiges – dit ekstraheer uit die outeurs.
- 4.8 **Enkele ander besware teen die afwysing van die 1988-Beswaarskrif van die Kandelaar:** (verwys par 1.5).
- 4.8.1 **“Geen gegronde redes” beteken ongegrond.** Die besluit in samevatting: “geen gegronde redes”, weerspreek die inhoud van die Beswaarskrif. Deurgaans word redes gegrond – selfs toegegee deur Deputate – maar met omseilende argumente as onvoldoende beredeneer in plaas van gegronde redes te stel hoekom die besware ongegrond is. Daar moet tog gegronde redes wees om te bewys dat die bewysvoering van die beswaar ongegrond is.
- 4.8.2 **Die beswaardes word op talle plekke gelyk gegee.** Dit alleen maak die beswaar gegrond, bv:
- (a) HNS 1991:118, 2.3 “...die vertaalmetode dikwels meervoudige betekenis vereng, maar hulle toon daarmee nie aan dat die vertaalmetode die betekenis van die grondteks **verander** nie.” “...verenging is tog sekerlik verandering of is 'n enkelpad skielik 'n dubbelpad! Dit weerspreek Christus in Matt 13:52. Dis nie net grondteks-lesers wat ou en nuwe dinge uit dieselfde skatkis mag haal nie, ook die leser van die vertaling – anders is ons terug by Rome.
- (b) HNS 1991:119, 4.2.1.2: “Dat Skrif met Skrif vergelyk moet/kan word, is onomstootlik waar, en word ook in die motivering van die Beswaargrond (1.4.1) uit die Skrif aangetoon. Die stelling dat die beginsel van die Skrif-met-Skrif-vergelyking vir Bybelvertaling leidinggewend moet wees, word nie beredeneer of gemotiveer nie. Tog kan dit as 'n vanselfsprekend afleiding uit die hierbo aanvaar word.”
- As twee vertaling gelykwaardig is (HNS 1985:276, 4.2), verval die hele argument van die Kommissie DvB wat hierop volg. Hierby is 'n anders as

konkordante vertaling geen vertaling, maar 'n parafrase – en “dit is die werk van kommentare” (HNS 1970:301).

- (c) HNS 1991:120, 5.2 oor die eenheid van die OT en NT as een van belofte/vervulling gaan glo mank aan die openbaringshistoriese verhouding. Tog word juis die openbaringshistoriese in die volgende paragraaf (Beswaargrond 1.6) behandel.
- (d) HNS 1991, 5.5.5: “wat wel in die Beswaargrond duidelik na vore gebring word, is dat die 1983-vertaling nie konsekwent met die 1933/53-vertaling ooreenkom in watter Ou-Testamentiese gedeeltes 'n uitdruklike Messiaanse strekking het nie.” Hierdie toegewing weerspreek weer eens dat die twee vertalings gelykwaardig is en bewys dat die Skrifbeskouings van die vertalers van die NAV in konsensus (nie individueel nie!) verskil, soos in **par 4.5 en 4.6** aangedui word.
- (e) HNS 1991:122, 6.3: “Daar is wel meriete in die argumentasie rondom ‘geregtigheid’ en die onderskeidende name Jahwe en Adonai, maar dit bied nog geen bewysgrond vir die beswaar nie.” Die standpunt van die BSA dat met terme soos ‘geregtigheid’ weggedoen word, sowel as die volstaan met die nie-onderskeidende Naam-vertaling, was op hierdie stadium bekend by die DvB. Tog wys die Sinode die beswaar af as nog hangende. Hoe verdiskonteer die Sinode sy besluit dat die vertalings gelykwaardig is.?
- (f) HNS 1991:125, 11.2: “Die beswaar hou nie rekening met die Gereformeerde kerkregtelike feit dat ons in middelmatige sake wat ander kerke/instansies anders beklemtoon, veroordelend mag staan nie (vgl KO, art 85).” **Bybelvertaling kan met die wensdenkery nie as middelmatig tipeer word nie – dis fundamenteel!** Dis nie die onderskrywing van dieselfde belydenisskrifte wat kerke uitmekaar hou nie, maar sake soos Skrifbeskouing, Skrifgesag, Skrifverklaring (vgl par 4.6.3 van hierdie Beswaarskrif).
- (g) HNS 1991, 4.2.4 lees: “...’n betekenisvertaling is daarenteen nie gemik op bogenoemde soort Skrifstudie nie. Veel eerder is dit gemik op die gemaklike lees van die Skrifboodskap”. Die belangrikste besware teen die NAV deur die DvB was nog deurgaans dat die vertaling die **betekenis** van die Skrifboodskap verander deur verenging, ontbeelding, ontpoëtisering, parafrasing, miskiening van die openbaringskarakter in onderskeidende Name van God (Rapport van DvB 1976). Skrifstudie het ten diepste te make met wat die Heilige Gees aan die gelowige of leser openbaar. Die ‘Betekenisvertaling’ lê noodwendig 'n beperking op, want die Gees getuig nie buite die Woord om nie (Joh 14:26; 16:13-15). Joh 14:23 word tog nie soos volg vertaal nie: “As iemand My liefhet, sal hy my **betekenis** bewaar.” Betekenis kom uit woorde en die woorde kom van God – al wil die mens beter as God weet wat die bedoeling/betekenis van die woorde is.

#### 4.9 **Beswaar teen : die vertalings is gelykwaardig** (vgl par 1.3)

Na aanleiding van voorgaande paragrawe sowel as die talle voorbeelde van twyfelagtige vertaling wat deur die Deputate vir Bybelvertaling oor die jare voorgelê en nie in die eindresultaat verdiskonteer is nie, is dit vanselfsprekend dat daar geen gelykwaardigheid tussen die twee vertalings bestaan nie. **Gelykwaardigheid word deur die inhoud bepaal, nie deur 'n verklaring nie.**

- 4.10 **Beswaar teen “Die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel kan naas mekaar deur die kerke gebruik word”** (HNS 1985:276, 4.2 en bevestig deur Sinode 1991). Die besluit is bedenklik ondeurdag en ontrou aan die Goddelike roeping en verantwoordelikheid van die kerk om die Woord van God te bewaar. Dit maak die Gereformeerde kerke ontrou aan hul woord, d.w.s. strydig met die Negende Gebod.
- 4.10.1 **Hierdie besluit was totaal voortydig**, aangesien talle besware en wysigings nog behandel moes word en behandel sou word. Die finale redaksie is in 1992 voltooi met voorbehoude vanaf die Gereformeerde Kerke oor bv die Name van God in vertaling. Die *sub judice* reël behoort hier te gegeld het ten minste tot Sinode 1994, nadat die Eindredaksie hul taak afgehandel het.
- 4.10.2 **Die NAV onderskryf nie die Belydenisskrifte nie.** Heidelbergse Kategismus v/a 119, 128 en Dordtse Leerreëls hfst 1 is voorbeelde. Aangesien die Belydenisskrifte op die sekerheid van die Woord van God staan, en die NAV dit nie deurgaans ondersteun nie, skep dit verwarring – die basis vir twyfel en ongeloof – by gereformeerde Gereformeerdes en andere wat in sending en evangelisasie betrek word. Die DL word in talle verse ondergrawe in bv Hab 2:4; Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:38 en Heb 11 oor geloof as ‘verdienste’ voor God (= Remonstrants). Ook die verwydering van verbondsterme ondermyn die gesag van die Belydenisskrifte wat op so ‘n ondermynende woord gebou moet word. Die probleem is veelal dat Gereformeerde teoloë met die bril van die Belydenisskrifte na die NAV kyk en nie na die NAV op eie meriete nie. ‘n Nuwe geslag met die NAV as onderbou en tans gepaardgaande weersin en onkunde in enige Belydenisskrif, verklaar die NAV soos dit homself aanbied – **‘n produk van korrupte grondteks en vertaalmetode.**
- 4.10.3 **Die promosie (strategie) ter aanvaarding van die NAV deur die kerkvolk d.w.s. die afbreek van verset daarteen, was dieselfde in alle vertalings waar die brontaal-georiënteerde vertaalmetode vroeër in gebruik was.** Dit sluit in ‘naas mekaar’; vervang nie letterlike vertaling nie; gelykwaardig; in tred met die jongste taalontwikkelinge; samewerking in vertaling (oa Arichea, D.C. UBS Translation Consultant for the Asia Pacific region in *The Bible Distributor*, nr. 27, 1986). Mettertyd vervang dit die oue.
- 4.11 **Aanvaarding van ‘n vertaling strydig met die opdrag, kom neer op onbetroubare besluitneming.** Vir die GKSA is sy ja nie meer ja, en sy nee nie meer nee nie. Dit plaas die finale seël op dubbelspraak – strydig met die 9de Gebod. In plaas daarvan om te erken dat die vertaling nie aan die vereistes voldoen nie, word dit aanvaar, selfs aangeprys – en dan besluit om samewerking te soek vir ‘n vertaling wat wel aan die oorspronklike vereistes voldoen!

## 5. Voorstelle ter oorweging

- 5.1 Die 1933/53 Vertaling van die Bybel word as amptelike Woord van God in Afrikaans vir amptelike kerklike gebruik in die Gereformeerde Kerke goedgekeur vanweë sy betroubaarheid.
- 5.2 Die Sinode herroep sy besluit dat die NAV naas die 1933/53-vertaling van die Bybel kerklik gebruik kan word. Die NAV word slegs as parafrase/verklaring van die Bybel met reserve aanbeveel, omdat dit voorkeur gee aan die onbetroubare UBS-grondteks en onderliggende manuskripte en ook onbetroubaar vertaal is uit die grondtekste. Die NAV is nie die Woord van God nie. Die kerk mag hierdie boek wel lees en

daaruit lering trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem. maar besit geensins die krag en gesag dat deur hulle getuienis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens bevestig kan word nie (vgl NGB, art 6).

- 5.3 Die Gereformeerde Kerke onderneem self – d.w.s. sonder medewerking van die NG- en NH-Kerke en BSA – ‘n konkordante vertaling vanuit betroubare grondtekste soos die Textus Receptus, indien nog wenslik geag word. As dit vir Boesman kon, ook veel makliker vir Afrikaans.

Afkortings in hierdie Beswaarskrif:

NAV = 1983/92 Afrikaanse Vertaling van die Bybel

HNS 'X = Handeling van die Nasionale Sinode, X=jaar

KO = Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

NGB = Nederlandse Geloofsbelydenis

**DvB = Deputate vir Bybelvertaling**

BSA = Bybelgenootskap van Suid-Afrika

### **AFKORTINGS wat in die Bylae mag voorkom**

#### **BYBELS, TEKSTE EN BYBELGENOOTSAPPE**

ABS	American Bible Society
ALB	Afrikaanse Lewende Bybel (CUM – LBI)
ASV	American Standard Version (Thomas Nelson)
AV	Authorised Version of King James Version
BBBG	Britse en Buitelandse Bybelgenootskap
BSA	Bybelgenootskap van Suid-Afrika
CUM	Christelike Uitgewers Maatskappy
GN	Groot Nieuws voor u: Het Nieuwe Testament in de omgangstaal
GNT	Griekse Nuwe Testament
H-F	Hodges en Farstad Majority Text
IBS	International Bible Society
Jer	Jerusalem Bible (Rooms)
KJV	King James Version of Authorised Version
LB	Living Bible (Kenneth N Taylor – LBI)
LBI	Living Bibles International
Mof	New Testament: A New Translation (James Moffat)
N-A	Nestle Aland GNT
NASV/B	New American Standard Version/Bible (Lockman Foundation)
NBSS	Nasionale Bybelgenootskap van Skotland
NEB	New English Bible (BBBG & NBSS)
NAV	Nuwe Afrikaanse Vertaling (BSA)
NBSS	National Bible Society of Skotland
NCC	National Council of Churches
NCV	New Century Version
NIV	New International Version (IBS)
NKJV	New King James Version (Zondervan)
NNV	Nederlandse Bijbel Nieuwe Vertaling
NRSV	New Revised Standard Version
NT	Nuwe Testament
NU	Nestle-Aland en UBS GNTe

NWT	New World Translation (Jehova getuies)
OT	Ou Testament
Rhm	Douay-Rheims New Testament (Rooms) (JB Rotherham)
RSV	Revised Standard Version (NCC)
RSVR	Revised Standard Version Roomse uitgawe (NCC)
RV	Revised Version ( <i>Church of England</i> )
SV	Statenvertaling (Dordtse Sinode)
TBS	Trinitarian Bible Society
TEV	Today's English Version (ABS)
TR	Textus Receptus
WBT	Wycliffe Bible Translators
W-H-	Westcott en Hort (Teorie/Teks)
W&H	Westcott en Hort
1933	1933/53 Afrikaanse Bybel
26Trans	New Testament from 26 Translations (Zondervan: Curtis Vaughan <i>et al</i> )

## **ALGEMEEN**

bg	bogenoemde
D-E	Dinamies-ekwivalente
eg	eersgenoemde
lg	laasgenoemde
mss	Manuskripte
MT	Meerderheidteks
sg	sogenaamd
tg	ten gunste van
TM	transendentale meditasie
vgl	vergelyk
vlg	volgende
W&H	Westcott en Hort

Alle aanhalings uit Engels of Nederlands in Afrikaans oorgesit, is vry vertaal.  
Woorde tussen vierkantige hakies [ ] in 'n aanhaling is my opmerking of byvoeging

## **E. KOMMISSIERAPPORT**

### **1. Opdrag**

Beswaarskrif GL Erasmus ea oor die "goedkeuring van die 1983-Vertaling van die Bybel (NAV) vir kerklike gebruik".

**Besluit: Kennis geneem.**

### **2. Beoordeling**

Die Beswaarskrif voldoen aan al die vereistes vir ontvanklikheid ooreenkomstig KO, art 46.

**Besluit: Kennis geneem.**

### **3. Aanbevelings**

3.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

3.2 Die beswaar word na Studiedeputate verwys.

**Motivering:** Die werk is geweldig omvangryk met baie Bylaes wat gekontroleer moet word. Dit sal onmoontlik staande die Sinode afgehandel kan word.

**Besluit: Goedgekeur.**